VOORBIDDING:

Wêreld: Kongo-Brazzaville, Gaboen, Säo Tomé & Principe. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

RSA & Dorp: Wet en orde - polisie en beskermingsdienste, veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Matrieks reg oor die land vir die eksamen. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing, en ’n geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Geloofsverdieping in koninkrykstyd. Reën wat ons so nodig het en oordeelkundige gebruik van water.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Alta de Wet (Stellenoord) en Elisna Dicks (Laer).

Kom koop weer Kersfeespapier!

Dié goeie gehalte papier kos vanjaar R15. Die projek ondersteun Alta du Toit-sentrum waar volwassenes met intellektuele gestremdheid opgelei en versorg word. Die papier word vanjaar vanuit die kerkkantoor verkoop. Voorbeelde is in die vierkant.

Ons eie gemeente-tuin

Kom kyk! Ons eerste plantjies is geplant! Agter die kerkgebou by die fietsbaan is ons eerste tuinbokse. Raak betrokke en help met saad, plantjies en tuingrond. Baie dankie aan almal wat reeds skenkings gemaak het! Kontak Leon Cronje of die kerkkantoor vir meer inligting.

GROENgedagte #83 'n Ekologies vriendelike vakansie. Dink hieraan: Ons stort rommel in riviere, grou gate waarin vullis vir dekades lank lê en vrot, ons roei berge en woude uit vir papier en steenkool, en elke Jan Rap en sy maat besit ’n motor wat meer en meer koolstofdioksied die lug in pomp. Ons lewe voort asof daar ’n ander planeet is waarheen ons kan gaan wanneer dié een heeltemal onherbergsaam word. Ongelukkig is daar nie ’n Plan B nie, daar is net Plan A(arde). Dit is nóú die tyd om self verantwoordelikheid te neem vir die kwynende stukkie rots onder jou voete. Ons planeet ly al hoe meer onder die mensdom se morsige manier van lewe, maar elkeen van ons kán ’n verskil maak – as ons wil. Ons kan ook 'n verskil maak as ons vakansie hou deur bloot nie op te hou om ekologies sensitief te leef nie. Na 'n besige jaar wil ons almal ontspan! Doen dit maar op so 'n manier dat die natuur - die ganse skepping - ook kan ontspan. Moenie met die voertuig ry as jy kan stap of fietsry nie. Dink aan die verkeersopeenhopings op ons vakansiedorpe: koop oordeelkundig sodat jy nie elke dag winkel toe hoef te gaan nie, neem 'n fiets saam en onthou om te herwin!

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Koninkrykstyd

Sondag 19 November 2017

Sondag van Christus die Koning

Tema	Christene is mense met hoop
Teks	1 Petrus 3: 15
Prediker	Anton van Niekerk
09:30	Erediens

Jaartema: Dissipels is begenadig en genadig.

Beroeping van nuwe leraar

Die kerkraad maak bekend dat Elzanne Mostert van der Westhuizen op die kerkraadsvergadering van 14 November 2017 beroep is as derde leraar van die gemeente.

Volgens die kerkorde moet die beroeping op twee agtereenvolgende Sondae by die erediens afgekondig word vir aprobasie [goedkeuring] deur die gemeente. Daarna ontvang die leraar die beroepsbrief en diensaanbod en het sy 14 dae om te reageer en die beroep te aanvaar al dan nie. Ons vra die gemeente se voorbidding - vir Elzanne en haar eggenoot asook vir ons as gemeente.

Kerssangdiens

Volgende Sondag is ons jaarlikse Kerssangdiens. Hierdie diens is altyd 'n hoogtepunt en ons wil dit hierdie jaar weer saam met mekaar vier. Ons vra dat alle ouers van ons laerskoolkinders onthou dat die kinders tydens die diens optree en dat hulle hul hulpmiddels volgende Sondag voor die erediens reeds in die kerksaal moet kom kry. Die tema hierdie jaar is *God se groot Geskenk* en ons gaan saam dink oor watter geskenk elkeen van Jesus se name vir ons gee. Moenie hierdie geleentheid misloop nie.

Op die kerkraadsvergadering van 14 November is die volgende persone tot die kerkraad verkies:

Tot ouderling verkies: Freek Swanepoel, Marcia van Niekerk, Ronnie Kriel en Johan Müller. Tot ouderling herkies: Mark Long, Isak Theron en Marlene de Klerk. Tot diaken verkies: Suzette Els, Liezel Coetzee, Daniël Lutz en Tijané Visser.

Is jy nuut hier by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar ’n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet ook ’n koppie teen in die vierkant.

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 20/11 tot Sondag 26/11

Wo 22/11	09:00 - 12:00 11:30 19:30	**MARKTAFEL (Laaste een vir 2017)** **Sonderbriekers se afsluiting in die kerksaal.** **Bybelstudie vir huishulpe:** Mientjie Uys 021 886 4320 / Annaleen Steytler 021 887 3804 / 082 346 8200. **(Afsluting)**
Do 23/11	09:00 - 12:00	**Naaldwerkgroep:** Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy saam wil kom werk aan al die projekte wat hulle aanpak.
So 26/11	09:30	**Erediens:** Leon Cronje **Kerssangdiens** Biddag vir Wêreld Vigs-dag

Die deurkollekte vandag gaan aan die bediening vir Paarl Hospitaal se Neonatale eenheid: Paarl Hospitaal se Neonatale eenheid vir vroeggebore babas in ons streek word deur ons ondersteun deur veral die maak van kombersies, lakens, klere en sakke (vir die Bless-a-baby-projek). Ons gemeente se verteenwoordiger is Mary Conradie 021 887 7407 of 072 286 5857 of stuur 'n e-pos na maryc@tfdesign.co.za.

Deurkollekte verlede week:
Die deurkollekte verlede week vir Jamestown Sounds musiek-projek was R3 628-50.
Baie dankie!
Volgende week se deurkollekte gaan aan Stellenbosch Vigsaksie.

Betaal met Snapscan! Ons spog met ons eie SNAPSCAN-blokkie. As jy die toep of *app* wil aflaai, gaan na **http://www.snapscan.co.za/user.html** en volg die maklike stappe. Jy kan selfs die bankkollekte en deurkollekte daarmee betaal. Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul (bv deurkollekte: Paarl Hospitaal) sodat ons boekhouding kan klop en ons die fondse reg kan allokeer.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)

HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by www.stelwel.co.za. Kopieë is ook by die deure beskikbaar.

Pastorale versorging (spreekkamer vir lidmate)

Mense wat 'n behoefte het aan pastorale gesprekke kan Daniël Louw per e-pos kontak (djl@sun.ac.za) om 'n afspraak te reël. Daniël is 'n afgetrede professor in praktiese teologie / pastorale sorg en spirituele berading (huwelik, gesinsorg, lewensverryking en siekepastoraat).

Pastorale versorging van wyke

A-wyke: Leon Cronje
C-wyke: Monty Sahd
B-wyke:
Paradyskloof Villas: Daniël Louw in samewerking met Leon Cronje.
La Clémence: Neels Lamprecht in samewerking met Monty Sahd.
Paradyskloofwoongebied: Leon Cronje
Plase: Monty Sahd

Stellemploy vra hulp

Daar is behoeftige studente wat gekeur is om die sjef-jaarprogram te volg, onder andere 'n leerder wat in weeshuise groot geword het en geen direkte familie het wat hom ondersteun nie. Die top teoretiese student word deur haar ouers verwerp en word deur haar oupa ondersteun wat 'n pensioenaris is.
Daar is nog behoeftige talentvolle sjef-kandidate. Stellemploy versoek geldelike hulp om behoeftige studente te ondersteun met ekstra onkostes tydens hul opleiding. Ingligting: Betta Augustyn by betta @stellemploy.org en 072 200 3313 of 021 886 4744.

Sien die kennisgewingborde

vir meer inligting oor kerk- en gemeenskapsdinge wat ons raak. Júlle bydraes vir die borde, relevante nuus oor kerk- en barmhartigheidsake, is ook welkom.

Bring dit na die kerkkantoor.

SPESIALE VERSOEKE

Nagskuiling

Die volgende behoeftelys is van die bestuur van Stellenbosch Nagskuiling ontvang:

skoonmaakmiddels (*Jik*, *Handy Andy*, waspoeier en opwasmidd els, afdroogdoeke en opwaslappe), badseep, waslappe en toiletpapier, suiker, melkpoeier en langlewe melk. Produkte kan by die kerkkantoor afgegee word of in die mandjies by die deure geplaas word. Merk asb dat dit vir Nagskuiling moet gaan.

Safehouse

Die volgende behoeftelys is van Safehouse ontvang vir die vroue wat tans in die huis woon: onderklere, sokkies (skoengrootte 1-4), sweetpakke, nagklere, sanitêre doekies, deodorant en haarborsels.

Ook sneesdoekies, skottelgoedwasseep, groot handdoeke, blikkieskos en *Domestos* vir gebruik in die huis.

Hulle vra ook Bybels in Afrikaans, Engels en Xhosa. Vir gebruik in die kantoor is die versoek rekenaarpapier, lêers, Pritt, skêre, penne, potlode en A4-boeke. Vir meer inligting oor die inwoners en werksaamhede van Safehouse, skakel Charlene by 021 883 2574.

Kersprojek 2017 - kan jy dalk help?

Ons wil hierdie November soveel moontlik van die produkte op ons Kerspamflet insamel om Kersvreugde in die behoeftige gemeenskap om ons in te dra. Lees gerus in die pamflet (by die kerkkantoor of deur te te kry), of gaan kyk op die webwerf: www.stelwel.co.za waar jy kan help en betrokke raak. Ons is ook dringend op soek na mense wat die oggend van Woensdag 29 November hier by die kerk sal kom help met die verpakking van ons honderde kerspakkies. Die insameling konsentreer vanjaar op veral voedsel, toiletware en skoolbenodigdhede. Enige geldbydrae waarmee ons hierdie produkte kan aankoop, sal baie welkom wees.